

# Laat sy gloed nie blus deur klam grysheid

**Op 'n mistige herfsoggend verskyn die son in goud tussen Kimberley en Warrenton. Oor mis het ene Hal Borland geskryf: "There it is, fog, atmospheric moisture still uncertain in destination, not quite weather and not altogether mood, yet partaking of both."** FOTO: HELENA BARNARD

Hoofartikel

# Mens: Ewige bron van verstomming

**Die onlangse Oos-Kaapse jagtog van die president van die Verenigde Arabiese Emirate en sy koninklike geselskap is een van daardie gebeure wat 'n mens stom laat, want gemengde gedagtes hieroor laat 'n mens se tong knoop.**

Jy voel sprakeloos oor dié sjeik se Suid-Afrikaanse wildsplaas van 30 000 ha wat hy vir R320 miljoen gekoop het; die miljoene wat hy geskenk het om 'n lughawe op te knap om sy vliegtuie daar te laat land; die jagkamp van nog meer miljoene wat opgerig is; die vyfton-vraghouer met wapens en ammunisie vir sy polisielede en soldate; die meer as 50 jaggewere met 'n gemiddelde prys van R40 000 elk wat gekoop is; en die vliegtuig vol Russiese en Asiatiese geselskapsvroue wat ingevlieg is.

Omdat dit tog raakpunte het met wat in geskiedenisboeke as "the greatest hunt in history" beskryf is, voel 'n mens opnuut stom oor 'n jagtog in 1860 by Bainsvlei buite Bloemfontein – ter viering van die besoek van die 16-jarige prins Albert, tweede seun van koningin Victoria.

Hiertydens is meer as 10 000 stuks wild geskiet "for the amusement of his royal prince".

Steeds stom skakel 'n mens die radio aan om van gedagterigting te verander. Jou stomheid verdwyn terstond met die onwillekeurige uiting van 'n knoop oor nog 'n poging van 'n Suid-Afrikaanse sanger wat 'n "lelike resitasie sleg opsê".

Die afdraai van die radioknop dwing dié een darem tot stilte, en jy wens dat meer sangers 'n juffrou soos mevrou Schutte in hul skoolloopbaan gehad het.

Terwyl haar knoetsige vingers "Stille Nag, Heilige Nag" op die klavierklawers uitgeslaan het, moes voornemende koorlede een vir een op die verhoog aantree en die eerste versie hiervan hardop en alleen sing. Sy het gereeld, sonder skroom, oor haar brilletjie geloer en gesê: "Uit. Jy is nie in die koor nie."

Vele hedendaagse sangers sou nie in mevrou Schutte se koor gewees het nie.

Die mens se doen en late – 'n nimmereindigende bron om enigeen stom te laat…

Diary

**13 MAY**

■ The Rugg-a-Market takes place from 09:00 to 14:00 at the Rugga Inn rugby field in Moore Way, Kimberley. Dial 076-903-9500 or 084-886-7457.

**19 MEI**

■ Die musiekgroep Rooksein tree om 19:00 op by B&H Diesel, 35 km buite Kimberley langs die N12, ten bate van die Jacobsdal-ruiterklub. Skakel 083-304-7884 vir meer inligting.

**27 MAY**

■ Kimberley Markets present a market at the Big Hole in Kimberley. Dial 082-309-9056.

**3 JUNIE**

■ Die gemeente van die NG kerk Ritchie bied sy basaar van 09:00 af op die kerkterrein aan.
■ Die Gereformeerde kerk in Schröderstraat, Upington, se gemeente hou van 09:00 tot 13:00 basaar.

**23 EN 24 JUNIE**

■ Besoek die Facebook-blad Victoria-Wes Wildsfees & Duiwe Fly-inn vir meer inligting oor dié fees.

NOORDKAAP BULLETIN

| | | |
|---|---|---|
| **REDAKTEUR / EDITOR** | | |
| Helena Barnard | helena.barnard@media24.com | |
| **MEDEWERKER / EDITORIAL MEMBER** | | |
| Charné Kemp | charne.kemp.writer@gmail.com | |
| **ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS** | | |
| Natasha Ingram | natasha.ingram@media24.com | 082 567 3883 |
| **BETREKKINGS / VACANCIES** | | |
| Noleen Petersen | noleen.petersen@media24.com | 051 404 7813 |
| **REGSKENNISGEWINGS / LEGAL NOTICES** | | |
| noordkaapbulletinlegals@media24.com | | 051 404 7600 |
| **GEKLASSIFISEERD / CLASSIFIEDS** | | |
| noordkaapbulletinadverts@media24.com | | 051 404 7600 |

**OMBUDSMAN**

Kontak NoordkaapBulletin se ombudsman oor klagtes: Stuur alle klagtes, navrae of voorstelle oor die inhoud van die koerant aan ons ombudsman, George Claassen, by 021-851-3232 of na george.claassen@media24.com.
Geen redaksionele materiaal of advertensie mag gereproduseer word sonder die toestemming van Media24 nie (artikel 12(7), Wet op Kopiereg 1978).



Press Council FAIR

NoordkaapBulletin proudly displays the "FAIR" stamp of the Press Council of South Africa, indicating our commitment to adhere to the Code of Ethics for Print and online media, which prescribes that our reportage is truthful, accurate and fair. Should you wish to lodge a complaint about our news coverage, please lodge a complaint on presscouncil.org.za or email the complaint to enquiries@ombudsman.org.za. Contact the Press Council on 011-484-3612.

Twyfelhoekie

# Dankbaarheid ná dosyn jare van skryf

HANNES NOËTH

**Wanneer hierdie week se koerant in u hand is, is dit 12 jaar van Twyfelhoekie – dit is ongeveer 630 Twyfelhoekies.**

Wat 'n voorreg dat ons oor soveel jare so gereeld kan saam kuier, saam dink, saam raas, saam lag, saam praat.

En ek geniet altyd jul terugvoering.

Party laat weet ons maak 'n koppie tee en dan lees ons, ander lees dit by die werk, 'n ander lees dit vir Ouma voor.

In jare beteken dit as 'n kind in gr. 1 was toe ons die eerste Twyfelhoekie publiseer het, is daardie leerling nou in matriek.

Nou en dan laat weet iemand my dat hulle 'n plakboek van ons weeklikse saamkuier maak, en soms neem iemand die vrymoedigheid om 'n idee of twee te gee waaroor ek tog asseblief moet skryf.

Ná 12 jaar kan ek getuig dat die lewe opwindend is en daar gebeur soveel dinge rondom ons, onder ons en in ons.

Daar sal altyd genoeg wees om oor te skryf.

Die lewe is so vol wyshede en dit is oral om ons.

En mense.

O, mense – daar sal altyd wees dié vir wie ons lief is, dié wat ons uitdaag, dié wat ons laat lag en natuurlik dié wat ons eerder net nie wil sien of hoor nie.

Ná alles moet ons getuig die lewe is 'n voorreg, en om daaroor te skryf is 'n voorreg.

Ná soveel jare kan ek aan al die Twyfelhoekie-lesers sê: Dankie vir 'n dosyn jare van vriendskap.

■ Die rubriek Twyfelhoekie het die eerste keer op 11 Mei 2011 verskyn.

Potpourri

# Respek altyd mode

KARIN MULLER

**Soms wonder ek wat van die wêreld gaan word as daar geen krieseltjie respek bestaan nie.**

Namate die jare verbystap, is dit duidelik dat hierdie bousteen eintlik 'n baie skaars artikel word.

Daar is sekere dinge wat op hul plek moet wees voordat enige menseverhouding suksesvol kan verloop. Ons mense is ingewikkelde wesens.

Selfs wanneer basiese boustene op hul plek is, is interpersoonlike verhoudinge van tyd tot tyd steeds 'n uitdaging.

Ek kry onlangs 'n e-pos van iemand wat my om 'n kwotasie nader. Aan die einde van die tweede sin is ek dankbaar dat dit nie 'n kliënt gaan word nie.

Ek wou vir die man sê dat 'n e-pos vroeër hierdie jaar foutiewelik aan my deur een van sy personeellede gestuur is. Daardie e-pos het ook van 'n tekort aan respek getuig.

Ek wonder of dit is omdat die werkgewer die voorbeeld stel?

Uiteindelik kos goeie maniere niks. Wees beleefd. Behandel mense met respek, veral wanneer dit opreg bedoel word.

Daar is inderdaad mense wat oorloop van goeie maniere, terwyl jy egter met 'n stok kan aanvoel dat hulle dit nie bedoel nie.

Dit is amper erger as om ongeskik te wees.

Selfs al probeer ons, slaag ons nie daarin om mense almal dieselfde te behandel nie.

Sommige mense vryf jou verkeerd op. Ander se gedrag vergoed darem hiervoor.

Dalk is dit uiteindelik wat hierdie ongeskikte mense bereik – dankbaarheid in jou hart teenoor diegene wat jou wel met respek behandel.

Kameeldoring

# Wortels is vervleg

CHARNÉ KEMP

**"Families are like branches on a tree. We grow in different directions, yet our roots remain as one." – Onbekend**

Emigrasie gedy weens 'n land waar die groen gras verdor het.

Goeie verpleegsusters se drome weens velkleur vernietig, dokters wat vyf jaar moet wag om hul studie voort te sit, ingenieurs wat moedeloos opgee, 'n pasgetroude boekhouer wat nes skop doer onder, landbouers wat elders gaan boer waar hulle meer welkom voel.

Ons het dié mense nodig, ons het hul belastinggeld nodig om ons armste mense huise, werkgeleenthede en waardigheid te gee.

Die vet katte wat in gesteelde geld rol, gee niks meer om nie.

Diegene wat oorbly sit met 'n leemte, 'n leegheid. Die stamboom se wortels en takke word uitgeruk, gesnoei.

Hokaai. Dit is een ding wat nie weggeneem kan word nie. Bloedbande, onbreekbaar. Die saamwees, die saamkuier, die saam onthou. Van toe ons nog naïef was, gedink het ons kinders gaan soos ons grootword.

Maar ons leer ons kinders wie hulle is, waar hulle vandaan kom, waarheen hulle moet gaan.

Al is dit oor die horison. Hulle kan nie meer in ons tuin gedy nie.

Tog sal ons takke altyd oor die grense reik en met ons stamboomtakke oor grense vervleg.

Ons is ieder geval ook nie meer die jong kinders wat ons was nie. Wyser. By tye het ons takke van mekaar weggegroei, ons blare weggedraai.

Die wortels so vervleg dat niks die bloedbande verdun, besoedel of vergiftig nie.